Hoogland-Leefstylgids
Begeleidingsmateriaal vir 'n Groepsbyeenkoms
of 'n persoonlike reis oor dissipelskap

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal:

- om jou vertroud te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal hulle eie ritme.

Wees met God
Haal asem

Ontmoeting 2 – Lewensruimte: Wees met God

Koninkryksdenke (Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 8-15)

1. **Beweging 1: Kom tot rus**

Besluit hoe julle tot rus gaan kom in God se teenwoordigheid. Byvoorbeeld:

1.1. Bid hierdie frase uit die gebed van Rowland Croucher – *Die reis saam met U* (bladsy 48 Hoogland-Leefstylgids - Dissipelskap):

Here God, die reis saam met U is soms opwindend,
maar ander kere uitputtend en ontmoedigend.
Daarom kom ek nou na U om nuwe krag te vra –
fisiek, emosioneel en geestelik.

Amen.

1.2. Elkeen dink in stilte aan wat nuwe krag vir jou gaan beteken: fisiek, emosioneel en geestelik. Dank die Here daarvoor.

2. **Beweging 2: Beoefen 'n geloofsgewoonte**

Doen die Geloofsgewoonte op bladsy 15 van ons Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 - Dissipelskap: **Kontemplasie**.

Oorweginge oor die Oefeninge:

- **Handoefeninge**: Julle kan dit maklik doen.
- **Stap**: Miskien is julle omgewing geskik vir 'n stap. Of: elkeen kan dit gaan doen as huiswerk.
- **Konnekteer met mense**: Doen hierdie oefening met mekaar, of elkeen identifiseer 'n persoon met wie hy/sy hierdie week so wil saamwees.
- **Konnekteer met jou ervaring**: Julle kan dit elkeen in stilte doen, of julle ervarings met mekaar deel.

3. Beweging 3: Luister



3.1. Koninkryksdenke

3.1.1. Lees Romeine 6:9-11

Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

- Laat elkeen in stilte nadink wat hy/sy hoor in die teks. bv: Watter woord, gedagte, sin of metafoor trek jou aandag?
- Watter realiteit bepaal christene se lewe?
- Wat is die implikasie hiervan vir ons lewe elke dag?

3.1.2. Lees Matteus 28:18-20

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

- Laat elkeen in stilte nadink wat hy/sy hoor in die teks. bv: Watter woord, gedagte, sin of metafoor trek jou aandag?
- Watter realiteit bepaal christene se lewe?
- Wat is die implikasie hiervan vir ons lewe elke dag?

3.2. Ons nuwe werklikheid:

Ons nuwe werklikheid word gedefinieer deur 3 groot sake:

- Jesus is Here:

  Waar (waarin) sien julle dat Jesus Here is?
- Jesus is Immanuel:

  Waar (waarin) sien julle dat Jesus Immanuel is?
- Ons leef soos Jesus se dissipels:

  Waar (waarin) sien julle dat mense soos Jesus se dissipels leef?

4. Beweging 4: Fokus



Leefstyl-inoefening:

- Watter praktiese dinge (leefstyl) gaan julle doen om te illustreer dat **Jesus Here** is?
- Watter praktiese dinge (leefstyl) gaan julle doen om te illustreer dat **Jesus Immanuel** (met ons) is?
- Watter praktiese dinge (leefstyl) gaan julle doen om te illustreer dat julle **dissipels van Jesus** is?

5. Beweging 5: Leef liefde



5.1. Dink aan maniere waarop julle hierdie week liefde kan leef en tot seën kan wees

- vir God en sy koninkryk:
- Vir mekaar en ander mense:

Afsluiting:

Bid hierdie frase uit die gebed van Rowland Croucher – *Die reis saam met U* (bladsy 48 Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap):

Neem my hand wanneer ons deur "donker dieptes" gaan,
of op die smal paadjies teen hoë afgronde beweeg.
Wees my gids deur die doolhowe
en verby die slagysters wat op my pad wag.
Dankie dat U nie skaam is
om as my Metgesel gesien te word nie.
Dankie dat U my algaande
'n waardiger reisgenoot kan maak.
Ek wil nooit weer u sy verlaat nie. Lei my dag vir dag.

Amen.